


Leefkuns



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Karakter

Genesis 39:7-9

Persoonlikheid verwys na hoe jy jouself aan ander mense openbaar en hoe hulle jou sien. Jou persoonlikheid kan stil, rustig, borrelend of spontaan wees. Jy kan dus bekend staan as 'n introvert of ekstrovert. Jou karakter verwys na wie jy regtig is. Dit spreek aan : jou waardes, jou oortuigings, jou sienings van wat die dinge is wat jou laat tick of omkrap. Dit verwys na wie jy is as jy alleen is, as ander mense nie kyk nie. Is jy ook dan volkome eerlik en betroubaar, of is die feit dat niemand kyk nie, die geleentheid om kanse en kortpaaie te vat by die werk? Dit is dus jou karakter wat jou keuses bepaal.

Dwight L Moody het gesê: "Character is what you are in the dark." As jou afwesigheid nie enige verskil maak nie, sal jou teenwoordigheid waarskynlik ook nie. Josef se lewe wys ons hoe gelowiges in moeilike omstandighede kan leef.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Wat kan jy baat , sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?

Definisie:

'n kombinasie van eienskappe wat bewonder word en as waardevol beskou word.

Alternatiewe definisie:

Die spesifieke kombinasie van eienskappe wat iemand 'n spesifieke persoon maak.

(Bybel 24/7)



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Leefkuns

Karakter

Lees vers 6b-18.

Wat is die skrilte kontras tussen Josef en die vrou van sy meester as dit by hul aardse meester kom?

Wat is die skrilte kontras tussen Josef en die vrou van sy meester as dit by hul hemelse meester kom?

Hoe sou jy hierdie toets van Josef kenmerk? Hoe het Josef hierdie toets geslaag?

Karakter het te doen met dissipline ook. Kyk na die volgende verse en kyk watter dele van jou karakter jy nog aan kan werk:

Die dissipline van diens (v1-6)

Die dissipline van selfbeheersing (v7-18)

Die dissipline van lyding (v19-23)



Quellerina Gemeente